WANT GELUK IS HANDGEMAAK!

Die kunstenaar, ontwerper en produkontwikkelaar Magda van der Vloed glo met 'n bietjie kleur en 'n sin vir humor kan 'n kunstenaar se boodskap duidelik oorgedra word ...



SLAY *(2023), gouache, Indiese ink en akrielverf op doek (150 cm x 130 cm)*

MAGDA VAN DER VLOED

Magda by haar werk, In Borrowed Light, *gouache, Indiese ink en akrielverf op doek (150 cm x 130 cm)*

die kunstenaar Magda van der Vloed se hande is nie vir 'n oomblik stil nie. Dalk saans in die bed wanneer sy boek lees – dié dat sy so graag na oudioboeke luister. En jy moenie haar "kleur wegneem nie"; dan slaan sy sommer 'n ander koers in. Maar sy bly op die pad van kreatiwiteit.

Die woord *quirky* duik 'n paar keer in die Afrikaanse gesprek op daar waar sy haar bevind in Rosendal, doenig met haar beeldhouwerk. Die woord *wacky* word ook ingespan. Dit kan almiskie saamgevat word in die speelse, eiesoortige manier waarop sy na die wêreld kyk en wat soms ook uiting vind in sosio-politieke kommentaar in haar kunswerke.

Magda (62), oorspronklik van Jan Kempdorp in die Noord-Kaap, het in die vroeë tagtigs beeldende kuns aan die destydse Pretoria Technikon (Tshwane-Universiteit van Tegnologie) studeer, met keramiek as hoofvak. "Ek wou in kleur werk, maar die wêreld het in bruin en beige gewerk. Dit was die era van (die keramiekkunstenaars) Tim Morris en Esias Bosch."

Toe vaar Magda eers vir 'n jaar die wye wêreld in



Grit, *gouache, Indiese ink en akrielverf op doek (150 cm x 130 cm)*

Don't f@#k with me *(gouache, Indiese ink en akrielverf op doek, 150 cm x 130 cm).*

met 'n rugsak – reis Europa plat en maak ook 'n draai in Griekeland en Turkye. Terug in Suid-Afrika vind sy 'n praktiese uitweg en spits haar toe op grafiese kuns. Dis 'n vaardigheid wat haar in 1987 na Amsterdam neem waar sy bladuitleg vir 'n vrouetydskrif doen.

"Dit was 'n wonderlike ervaring. Amsterdam was die kulturele hoofstad van Europa [in 1987, soos jaarliks aangewys deur die Europese Unie] met talle kunsgebeurtenisse, straatopvoerings, spesiale uitstallings, veral om Van Gogh. En naweke om ander plekke te verken en dinge te beleef. Soos die Documenta in Kassel [Duitsland, wat net elke vyf jaar plaasvind]."

Terug in Suid-Afrika vestig Magda haar in Pretoria en begin haar eie keramiek-onderneming. Sy skep produkte vir 'n afdelingswinkel se kosmetiese afdeling, spesifiek vir Moedersdag. "Met 40 mense wat vir my werk … Mettertyd was dit net 'n besigheid."

As planne vlerke kry

In daardie tyd het haar pad met dié van Rufus van der Vloed gekruis; 'n boukontrakteur en predikantskind wat kan toor met staal. "Soos my pa, kan hy enigiets met sy hande doen. As ek daarvan kan droom, kan hy dit maak."

Die nooi Cloete het 'n Van der Vloed geword. "Hy het my so aan my pa herinner."

Haar pa, Hendrik, was onderwyser op Jan Kempdorp, "maar in sy hart was hy 'n boer". "Om geld te maak, moes hy onderwys gee vir 'n spesiale klas wat tot st. 6 [gr. 8] gegaan het waar van die kinders al tot 18 jaar oud kon wees. Teorie was 'n klein deel daarvan; dit het gegaan oor handwerk, om te leer om allerlei goed te maak. Sy klas was soos 'n towerplek."

Buiten vir 'n geesgenoot het Magda 'n vaardige planmakervennoot in Rufus gevind. Aanvanklik het hulle in Pretoria gewoon en onder meer binneversieringprojekte aangepak. Daarna, tydens hul tien jaar in Durban, het die Van der Vloeds uitgebrei na 'n gesin van vier, met die seuns, Miró en Xander, wat hul opwagting gemaak het.

Magda het gedoen wat haar hand kon vind om te doen. "Die Here het my spesiale talent gegee, my oë oopgemaak vir wonderlike produkte."

Houtwerkprodukte, juweliersware (onder meer van

"EK SAL ALTYD MY KLEUR TERUGKRY, MAAK NIE SAAK IN WATTER MEDIUM EK WERK NIE. EN 'N HUMORSIN IS BELANGRIK."

vel), trofeekoppe, handsakke, klere, mandjies, potte, planthouers – allerlei produkte het hul beslag gekry. En die materiale wat gebruik is, het gewissel van garing, gras en takke tot herwonne rubber, plastiek, telefoondrade en glas.

En soos sy geleer het, het sy ook haar kennis oorgedra. Organisasies soos Aid to Artisans het haar ervaring ingespan om mense in afgeleë gebiede in Afrika te help om produkte te ontwikkel. "Ek het dit ge-love. Mense wat produkte maak wat in die jare '70 en '80 gewild was en jy help hulle om aan te pas en iets *contemporary* te skep waarvan die prototipe na die New York Gift Fair gaan. 'n Jaar later kom jy terug en sien die resultaat; hoe mense se lewenstandaard verbeter het – die kinders se klere lyk beter; een het 'n karretjie gekoop; die ander het 'n kamer aangebou ..."

Sy maak nie 'n groot gewag daarvan nie en is ook nie mooi seker in watter jaar dit was nie ("2011 of 2012"), maar een van haar kleurvolle trofeekoppe ('n takbok van telefoondraad) is op die handelskou Maison&Objet in Parys aangewys as die "most beautiful object". Dit het beteken dat foto's daarvan tydens die Milan Design Week op 'n muur geprojekteer is.

As die Kamer-deur toeslaan ...

Terug in Pretoria, en uiteindelik weer met 'n oond tot haar beskikking, het die era van Kamers/Makers aangebreek. Dié opwip- kleinhandelfenomeen het in 2003 as Kamers vol Geskenke 'n uitstalgeleentheid vir skeppende vakmanne en -vroue begin gee en Magda het haar kuns rondom 2017 hier begin verkoop. "Rufus het vir my spesiale bokse gebou wat opgepak kon word en soos 'n stalletjie oopvou. Vir drie jaar het ek en Rufus van Kamers- tot Kamers-uitstalling oor die land heen gegaan."

En toe kom Covid ... Presies twee dae voordat die inperking begin het, was die Van der Vloeds sak en pak in Rosendal, die kunstenaarsdorpie in die Oos-Vrystaat waarheen hulle verhuis het. 'n Moeilike tyd, onder meer met Kamers wat aanvanklik nie kon voortgaan nie ("geen koeriers nie, onthou").

Tog, op 'n manier is 'n sirkel voltooi met hul tuiskoms in 'n dorpie, en uitdagings wat uiteindelik tot nuwe geleenthede lei. As 'n deur toegaan, gaan 'n venster oop en waagmoed tree in. En Eskom gee 'n mens ook 'n *push* as jou glasuuroond amper nutteloos word omdat 12 tot 14 uur se ononderbroke krag daarvoor nodig is.

Sowat 'n jaar gelede het Magda by die Art Eye-galery in Johannesburg aangesluit. Dit het onder meer gelei tot die reeks *#Vok Eskom*. Sy lag, want ja, sy kán spel. "Ek is eintlik 'n Christen en wil nie so doelbewus vloek nie." Met dié stukkie woede uit die pad kon sy met die reeks *In Pursuit of Happiness* begin.

Sy vertel opgewonde van beelde van strokiesboekkarakters van 'n vervloë tyd wat sy uit was vir Art Eye skep en wat in brons gegiet gaan word, maar meer wil sy nie verklap nie. Sy verlustig haar eers daarin om groot skilderye van 1,5 x 1,3 m te skep. En herwonne objekte word soms met groot vrug ingespan.

"Ek sal altyd my kleur terugkry, maak nie saak in watter medium ek werk nie. En 'n humorsin is belangrik. Op die oomblik speel ek baie lekker met die konsep van *good taste* en *bad taste*. Ek *push* die *limits*; die uiteinde sal altyd *quirky* wees. Ek hou daarvan om 'n bietjie te skok ook. Baie keer steek ek dieper betekenis weg, oor seksuele mishandeling, byvoorbeeld, politiek of misbruik. Ek beskryf myself as 'n neo-ekspressionistiese kunstenaar.

"Dit maak nie saak wat ek doen nie, my kreatiwiteit moet ek uitleef. Ek kan nie net 'n normale groentetuin maak nie, ek moet wilgertakke weef waarteen my ertjies kan oprank."

Klik hier om na meer van Magda se werk te kyk.

DEUR MARGUERITE ROBINSON

FOTO'S: VERSKAF